GRAAD 11 EKSAMEN

**AFRIKAANS HUISTAAL VRAESTEL II**
**SKRYFVRAESTEL**

Tyd: 3 uur 100 punte

---

**LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR**

1. Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye. Maak seker dat jou vraestel volledig is.

2. Daar is TWEE afdelings: Letterkunde (Drama en Prosa) en Transaksionele skryfwerk.

3. Beantwoord VIER vrae: TWEE uit Afdeling A (Letterkunde) en TWEE uit Afdeling B (Transaksionele skryfwerk).

4. Daar is vrae oor 'n drama (Afdeling A) en 'n prosawerk (Afdeling A) in die vraestel. Beantwoord EEN vraag oor die drama en EEN vraag oor die prosawerk.

5. Verseker dat jy, waar dit die geval is, albei dele van 'n besondere vraag voltooi.

6. Jou antwoorde moet presies soos die vrae genommer wees.

7. Begin elkeen van die vier vrae **bo-aan 'n nuwe bladsy** in jou antwoordboek.

8. Let noukeurig op die puntetoekenning van die verskillende vrae.

9. Netheid, leesbaarheid en versorgde taal sal in jou guns tel.

---

IEB Copyright © 2007 

## AFDELING A LETTERKUNDE

Beantwoord EEN vraag oor die drama (Vrae 1.1 en 1.2) **en** EEN vraag oor die prosawerk (Vrae 2.1 en 2.2) in hierdie afdeling.

### DRAMA

Daar word in hierdie onderafdeling twee vrae oor 'n spesifieke soort dramateks gevra. Beantwoord EEN.

**PALJAS** Chris Barnard

### VRAAG 1

Lees die volgende uittreksels uit die draaiboek (rolprentdrama) ***Paljas*** deur Chris Barnard en beantwoord dan óf Vraag 1.1 óf Vraag 1.2 daaroor:

*141. Stikdonkerte en doodse stilte. Dan word 'n lig aangesteek en Hendrik staan in die voorkamer met 'n lantern in die hand en sy baadjie oor sy arm. Sy gesig is vuil, sy hemp geskeur en sy strikdassie hang los.*
*Katrien, sy vrou, is agter hom. Haar hare het losgekom. Haar rok is vol eier [waar die partytjiegangers haar en die ander gesinslede raakgegooi het].*

*Dan kom Emma en Willem. Dis duidelik Emma het gehuil. Nollie kom laaste binne. Emma gaan sit moeg in 'n stoel. Nollie gaan sit langs haar en sit sy hand op haar kop. Katrien gaan leun met haar hande op die buffet. Sy staan net vir haar hande en kyk. Dis duidelik almal is nog stom van die skok. Hendrik hang sy baadjie aan die kapstok.*

KATRIEN : (*draai om en mik vir die middeldeur*): Nag, almal.
HENDRIK: Nee, Katrina. Waar gaan jy?
KATRIEN: Ek gaan slaap.
HENDRIK: Nee.
KATRIEN: Wat dan?
HENDRIK: Ons … kry ons skoon. Ons – Nollie, sit op vir ons 'n plaat. Ons was ons en ons trek aan – Emma, loop maak jou mooi. Ons sal iets uitdink. Ons gaan nie slaap nie. Ons sal iets uitdink.
EMMA: ... Ek moet wát doen?
HENDRIK: Jy't gehoor wat ek gesê het.
EMMA: (*ontsteld*): Ek moet my loop skoonmaak? Om te wat? (*Sy is skielik yskoud en woedend*) Om te wat?
HENDRIK: Ons gaan net aan, Emma; ons maak of niks gebeur het nie.
EMMA: Dis al wat ons heeltyd doen. Ons maak of niks gebeur het nie.
HENDRIK: Wat, wil jy weer op 'n hoop loop sit?
EMMA: Kyk hoe lyk Ma – lyk dit vir Pa of niks gebeur het nie? Kyk hoe lyk ons almal!
HENDRIK: (*meer verbaas as iets anders*): Emma!
EMMA: (*nou onbeheersd kwaad*): Hulle jaag ons soos melaatses van die Volstruisdans af weg, maar ons moet maak asof niks gebeur het nie.
HENDRIK: En wat doen jy? Jy hol die veld in.
EMMA: Hoekom sit ons op hierdie gat-spoorwegstasietjie, Pa? Ek vra – hoekom? Oor niks gebeur het nie?
NOLLIE: (*probeer tussenbeide tree*): Wag nou.
EMMA: (*sy stoot hom weg en kom staan vlak voor haar pa*): Ma loop bedags agter die huis en tjank as sy dink niemand sien nie. Hoekom Pa?
KATRIEN: Emma ...
EMMA: Willem maak vir twee jaar lank nie sy mond oop nie. Maar almal maak of niks gebeur het nie. Hoekom, Pa?
KATRIEN: ... Emma.
EMMA: Ons gaan nooit weer maak of niks gebeur het nie, Pa. Ons gaan oor als praat al maak dit hoe seer (*Sy kyk vir haar ma.*) Ons gaan praat, Ma.
KATRIEN: Ja, my kind.
EMMA: Pa?
HENDRIK: Ek praat. Ek praat heeltyd. Ek is al een wat praat.
EMMA: Oor nonsens, ja. Pa praat aanmekaar oor nonsens sodat ons nie oor die regte goed hoef te praat nie.

IEB Copyright © 2007

1.1 Lees die kommentaar hieronder.
Skryf dan 'n kort opstel (250 – 300 woorde) na aanleiding daarvan waarin jy saamstem, of nie, met die kommentaar.
[**Leidraad**: Lewer kortliks oor elke saak in vetdruk in afsonderlike, opeenvolgende paragrawe kommentaar.]

Die McDonald gesin is 'n **openhartige, hegte gesin** op 'n klein plattelandse dorpie. Hendrik, die gesinshoof, is 'n gerespekteerde lid van die gemeenskap én hy dwing by almal altyd **respek** af. Wanneer Hendrik planne maak of bevele gee, luister almal. Sy dogter, Emma daag sy gesag uit omdat sy **nie verstaan** dat 'n mens oor sekere moeilike dinge van die lewe (soos 'n mens se liefdeslewe) **nie uitpraat nie**. In hierdie uittreksel is dit duidelik dat Hendrik, op die aand van die Volstruisdans, twee moeilike situasies vernuftig ontlont. Dit laat sy gesin toe om **normaal voort te gaan** met hulle lewens.

**30 punte**

**OF**

1.2 In **Paljas** speel 'n wonder in die lewens van 'n verstote plattelandse stasiemeester, Hendrik McDonald, en sy gesin af: hulle lewens ondergaan 'n verandering vanweë die invloed van 'n sirkusnar, Manuel – eers op die "stom" seun, Willem, en dan op elkeen van die ander gesinslede.

Maar voor die wonder (die paljas) se werk voltooi is, ontstaan daar allerlei vrae: Hoe reageer die gemeenskap op die McDonalds se verbintenis met die ongewone nar? Waarom is die verhoudings in die gesin nie normaal nie? Watter probleme bestaan daar in die McDonald-gesin? Waarin kan die werking van die paljas (die wonderbaarlike verandering) in die gesin opgemerk word?

Skryf 'n kort opstel (250 – 300 woorde) waarin jy uit bogenoemde uittreksel afleidings maak en antwoorde gee op hierdie tergende vrae.
[**Leidraad**: Lewer kortliks oor elke vraag in afsonderlike, opeenvolgende paragrawe kommentaar.]

**30 punte**

IEB Copyright © 2007 

## PROSA

Daar word in hierdie onderafdeling twee vrae oor 'n spesifieke soort prosateks gevra. Beantwoord EEN.

**BRIEWE VAN VER AF** Stirro M. Banda

## VRAAG 2

Lees die volgende uittreksels uit die kortverhaal: *Briewe van ver af* deur Stirro M. Banda en beantwoord dan Vraag 2.1 óf Vraag 2.2 daaroor:

Liewe Mama

Bra Zuki het vir julle gelieg toe hy gesê het ons woon in die stad. Die ding is, Mama, ek kan dit nie bekostig om in die stad te bly nie. Ek het my job verloor, lankal. Ek is afgelê, sien? Dit beteken jou werkgewer gee bleddie niks om vir jou nie en betreur die dag waarop jy aangestel is. So min of meer so iets. Jy sal weet, Mama, jy't meer wysheid as ek. Ek hoop die brief vind julle in goeie gesondheid. Wel, Mama, ek is OK. Ek soek elke dag werk, ek is geregistreer by die arbeidskantoor hier. Ek gaan elke maand soontoe en bel soms ook. God sal my die pad wys, Mama, ek weet ek sal 'n job kry.

Maar Mama, jou oudste seun, bra Zuki, is 'n moordenaar, 'n dief, 'n verkragter, 'n skelm, 'n bedrieër, 'n dwelmhandelaar. Moenie vir Papa vertel nie. Hy sal baie, baie kwaad wees. Jy ken jou man, Mama, hy kan dalk hiernatoe probeer kom. Nee, Mama. Moenie vir hom vertel nie. Maar jou seun is 'n lid van die Mafia.

Die Mafia is 'n georganiseerde misdaadsindikaat, en jou seun, jou gunstelingseun Zuki, is 'n mafioso. Hy verkoop enigiets van gesteelde goedere tot geskaakte motors, dwelms, vrouens, noem maar op. Hy het 'n boel geld gemaak in die laaste tyd.

Een van sy vriende het hom verraai en die polisie het hom vasgetrap. Terwyl ek nou hierdie brief skryf, is jou seun Zuki uit op borgtog van driehonderdduisend rand. Kontant. Bloedgeld. 'n Boel geld, Mama, 'n boel vuil, stinkende drekgeld.

Onthou Mama hoe jy altyd gesê het: bly weg van enigiets wat met misdaad te doen het? Dis presies wat ek doen. Partykeer, Mama, voel ek lus om terug te kom na julle toe. Maar dan onthou ek, ek het hiernatoe gekom om ryk te word en dan vir julle te help om 'n gelukkige lewe in vrede te lei.

Ek wil vir julle 'n groot huis in Sandton koop, dis my droom. Ek is 'n goeie seun. Ek behoort jou gunstelingseun te wees, Mama.

Jou liefhebbende seun
Bafana

IEB Copyright © 2007

Bafana

Ek sien nie in hoekom ek die adres moet bysit nie. Jy ken dit mos. Moenie moeite doen om te antwoord nie, ons wil jou gesig nooit weer sien nie.

Dankie vir die brief, jy het besonder goed daarin geslaag om ons te vertel hoe domonnosel jy is. Ons het lank daaroor gepraat en weet jy wat? Moet ons nooit weer ouers noem nie. Ons het gedink jy het die huis verlaat vir beter weivelde. Egoli. Gauteng. Jo'burg. Jozi. Maar al wat jy gedoen het, is om jou broer uit te verkoop. 'n Polisie-informant!

Jou broer Zuki is 'n selfgemaakte man met 'n sterk wil. Al waarvoor jy dit doen, is om sy fortuin te vernietig, skaam jy jou nie! Al wat Zuki doen, is om rykdom te verdeel, daardie rykdom wat vroeër aan die uitverkorenes of die bevoorregte minderheid behoort het. Hy steel, sê jy? Nee, jou broer is nie 'n dief nie! Hy neem net sonder verlof, of leen van die eienaars vir permanente gebruik en gee vir die armes soos ons. Wie dink jy is jy om die moraliteit van 'n man soos jou broer Zuki op dié manier te bevraagteken?

Jy van alle mense, jy wat aan jou broer se sy kon gewerk het as sy besigheids-bestuurder of finansiële konsultant. Hoekom het jy gedoen wat jy gedoen het? Jy het jou eie vlees en bloed vir die wolwe gegooi. Waar de hel dink jy gaan jy ooit die geld kry om vir ons 'n huis in Sandton te koop?

Is jy jaloers op jou broer se prestasies? Dwaas genoeg om nie 'n goeie ding te waardeer as jy dit sien nie? Jou broer het ons so trots gemaak op hom, hy was eerste in byna alles, indien nie alles nie. Wat het jy vir ons as ouers gedoen? Niks, niks, sê ek vir jou!

As ons maar op jou ook kon trots gewees het.


Busisiwe Helen Banda

2.1 **Hierdie vraag bestaan uit twee dele. Doen beide dele.**

**Deel A**

Hierdie verhaal bestaan uit twee briewe wat verskillende perspektiewe van dieselfde omstandighede verteenwoordig. Dit dwing die leser om sy/haar siening van "reg" en "verkeerd" in te span en 'n waarde-oordeel te maak.

Herteken die volgende ideekaart in jou antwoordboek en maak by elke opskrif EEN gepaste, verduidelikende inskrywing om die twee uiteenlopende perspektiewe aan te dui:




(10)

**EN**

**Deel B**

Gebruik die inskrywings van Deel A (asook ander relevante inligting) en skryf 'n literêre opstel (500 woorde) waarin jy verduidelik **hoe die karakter van Mama verander as gevolg van Bafana se brief vanuit die stad.**

Maak seker dat jou literêre opstel die volgende struktuurelemente insluit:

- 'n stelling oor die onderwerp in die inleiding
- verduidelikende paragrawe rondom kerngedagtes
- relevante teksaanhalings
- 'n formele styl
- 'n samevattende slot

(20)

**30 punte**


IEB Copyright © 2007

**OF**

2.2 **Hierdie vraag bestaan uit twee dele. Doen beide dele.**

**Deel A**
Hierdie verhaal skets, deur middel van twee briewe, twee verskillende Suid-Afrikaanse milieus (omstandighede). Hierdeur dwing dit die leser om sekere stereotipes oor mense se handelinge in verskillende omstandighede anders te beskou.

Herteken die volgende ideekaart in jou antwoordboek en maak by elke opskrif EEN of TWEE gepaste, verduidelikende inskrywing(s) ten einde die twee uiteenlopende milieus aan te dui:




(10)

**EN**

**Deel B**
Gebruik die inskrywings van Deel A (asook ander relevante inligting) en skryf 'n literêre opstel (500 woorde) waarin jy verduidelik **hoe die fiktiewe lotgevalle van Bafana aansluit by die werklike ervarings van baie mense in Johannesburg.**

Maak seker dat jou literêre opstel die volgende struktuurelemente insluit:
- 'n stelling oor die onderwerp in die inleiding
- verduidelikende paragrawe rondom kerngedagtes
- relevante teksaanhalings
- 'n formele styl
- 'n samevattende slot (20)

**30 punte**

## AFDELING B TRANSAKSIONELE SKRYFWERK

### KORT SKRYFSTUKKE

Doen **albei** die vrae in hierdie afdeling:

### VRAAG 3

**Hierdie vraag bestaan uit twee dele. Doen beide dele.**

**Deel A**

Kyk na hierdie advertensie en lei vyf eienskappe, wat noodsaaklik in **enige** advertensie is, daaruit af. Skryf hierdie vyf eienskappe puntsgewys in jou antwoordboek neer. (5)





**EN**

**Deel B**
Jy word deur die ***kulula.com***-lugredery gevra om die teks (120 woorde) vir 'n tydskrifadvertensie vir hulle jongste advertensieveldtog te skryf.

Die redery wil die onderstaande foto, trefreël en logo gebruik. Jy moet sorg dat
- die teks 'n humoristiese aard het,
- ongewoon is én
- vir 'n wye groep klante iets sal sê.

Skryf net die teks vir die advertensie in jou antwoordboek neer.
(**Leidraad**: Hou gerus jou lys eienskappe in gedagte terwyl jy jou advertensieteks skryf.) (15)




**20 punte**

**EN**

**VRAAG 4**

**Hierdie vraag bestaan uit twee dele. Doen beide dele.**

Jy is 'n joernalis van 'n plaaslike koerantjie waarin jy oor jongmenssake skryf. Jy het gehoor van probleme wat jongmense ondervind met hulle rybewyse. Om hierdie rede het jy die saak ondersoek en met verskeie mense onderhoude gevoer.

**Deel A**
Hieronder is jou aantekeninge wat jy tydens die onderhoude gemaak het.
(LW. Nie al die sinne is volledig uitgeskryf nie)

---

- **Anonieme metrobeamptes by Tshwane-toetsterrein:**
  **Beampte 1**
  "Chaos met uitreiking van rybewyse (leerling en finaal) – reeds ’n paar jaar die geval. Maak die beamptes ook gefrustreerd en oneffektief."
  **Beampte 2**
  "Die situasie is erger gemaak: vrot beplanning en inwerkingstelling van die eNaTIS-stelsel. Sou probleme kon oplos, maar te min vooraf toetsing."
  (eNaTIS = ’n rekenaarstelsel vir registrasie en uitreik van lisensies. Digitaal + landwyd)
  Werk nog steeds nie behoorlik. Niemand kan sê wanneer dit behoorlik gaan werk nie.
- **Dr. Johan Kok, Tshwane se lisensie-hoof:**
  Erken dat die stelsel die land knou. Het simpatie met mense se nood. Vra geduld van almal.
  "Die land se ekonomie berus op mense wat met motors werk toe ry."
  **Vraag om op te volg**: Berus die ekonomie nét op mense wat ’n werk het en per motor soontoe ry?
  Wat van die behoeftes van dié wat winkelsentrum toe wil ry om te gaan fliek of klere te koop; voertuie wil koop; studente wat by die universiteit moet uitkom; ensovoorts?
- **Lid van die publiek, Mnr Khumalo, wat gefrustreerd is oor lisensies:**
  "Die treine ry nie waar die mense wil wees nie, is gevaarlik, vuil en onvriendelik. Die enigste alternatief is die volgepropte taxi’s wat in die algemeen nie baie padwaardig is nie en gevaarlik bestuur word."
  Voel die regering doen nie hulle plig nie.
- **Algemene probleme wat deur verskillende mense uitgewys is:**
  - die eerste probleem is om ’n afspraak te maak
  - tweede probleem is die K53-toets wat uitermate puntenerig is. (Iemand moet bv. binne ’n aantal vorentoe- en agtertoe-ritte én binne ’n sekere kort tyd kan parallel-parkeer, anders dop hy/sy.) Toets dus nie of die bestuurder kán parallel-parkeer nie, maar hoe vinnig daar parallel geparkeer kan word!
  - talle vreemdhede in die K53-toets wat iemand moet slaag voor hy of sy ’n rybewys kan kry
  - veroorsaak dat jonges wat reeds kan bestuur, bitter senuagtig is as hulle die toets doen.
  - lawwe burokratiese hindernisse sorg vir 'n hoë druipsyfer en finansiële uitbuiting van aansoekers.
  - die besprekingschaos skep 'n bottelnek in die nasionale stelsel
- **Wat wil die publiek hê?:**
  - maak die toetse meer menslik
  - laat gesonde verstand dit dryf eerder as ’n vyandige en kleinlike, burokratiese siening (soos met afspraakstelsel)

IEB Copyright © 2007

Gee EEN **samevattende woord of frase** (hoofgedagte) vir elkeen van die swartgedrukte punte wat hierbo neergeskryf is. Skryf dit onder mekaar neer. (5)

**EN**

**Deel B**

Gebruik die vyf punte hierbo as die hoofgedagtes vir paragrawe en skryf 'n koerantberig van 180 woorde oor hierdie onderwerp.

Jy moet

- jou berig in 'n dubbelkolom skryf;
- 'n redelike informele styl (vir jonger lesers) gebruik, én
- jou eie kop boaan die berig verskaf. (15)

**20 punte**

**Totaal: 100 punte**

IEB Copyright © 2007